# KOM ONS BID

... 'n Beginnershandleiding Tot Gebed vir Kinders



Chris Oyakhilome

**KOM ONS BID**

**ISBN 978-978-55333-9-2**

Published by LoveWorld Publishing
3, Adebayo Akande Street, Oregun, Ikeja, Lagos, Nigeria.
E-mail: info@kiddiesloveworld.org,
Website: www.kiddiesloveworld.org.

Copyright © 2018 by LoveWorld Publishing.

All rights reserved under International Copyright Law.
Contents and/or cover may not be reproduced in whole or in part in any form without the express written permission of LoveWorld Publishing.

***Scripture taken from the New King James Version®.***
***Copyright © 1982 by Thomas Nelson, Inc. Used by permission. All rights reserved***

**A KEY FOR OTHER BIBLE TRANSLATIONS USED**
**MSG - The Message Translation**
**AMPC - The Amplified Classic Bible**
**NLT - New Living Translation**
**GNB - GoodNews Bible**

---

***FOR MORE INFORMATION AND TO PLACE ORDERS:***

**UNITED KINGDOM:**
Believers' LoveWorld
Unit C2, Thames View Business Center,
Barlow Way Rainham-Essex,
RM 13 8BT
Tel.: +44 (0) 1708 556 604
Fax.: + 44(0) 2081 816 290

**USA**
Believers' LoveWorld
4237 Raleigh Street
Charlotte, NC 28213
Tel.: +1 980-219-5150

**USA:**
Christ Embassy Houston,
8623 Hemlock Hill Drive,
Houston, Texas. 77083
Tel.: +1-281-759-5111;
+1-281-759-6218

**CANADA:**
Christ Embassy Int'l Office
50 Weybright Court, Unit 43B
Toronto, ON MIS 5A8
Tel.: +1 647-341-9091

**SOUTH AFRICA:**
303 Pretoria Avenue
Cnr. Harley and Braam Fischer,
Randburg, Gauteng
South Africa.
Tel.: +27 11 326 0971
Fax.: +27 113260972

**NIGERIA:**
Christ Embassy
Plot 97 Durumi District, Abuja, Nigeria.

LoveWorld Conference Center
Kudirat Abiola Way, Oregun
P.O. Box 13563 Ikeja, Lagos.
Tel.: +234-812-340-6547
+234-812-340-6791

# INHOUD

**INLEIDING**

Hoofstuk Een
**GOD IS 'N VADER** 6

Hoofstuk Twee
**WHAT IS GEBED?** 10

Hoofstuk Drie
**DIE HERE IS LIEF OM JOU TE HOOR BID** 14

Hoofstuk Vier
**BID UIT JOU HART** 18

Hoofstuk Vyf
**JESUS SE NAAM** 22

Hoofstuk Ses
**DIE REGTE MANIER OM TE BID** 26

Hoofstuk Sewe
**VERSKEIE SOORTE GEBEDE** 32

Hoofstuk Ag
**GEBEDSPOSISIES** 38

Hoofstuk Nege
**'n GEBEDSVOORBEELD VIR JOU** 42

# INLEIDING

Is dit nie wonderlik om te weet dat God jou hoor elke keer as jy bid nie? Selfs al fluister jy net hoor God dit. En as Hy dit hoor kan jy weet dat Hy jou gaan antwoord ook.

God het ons gevra om te bid omdat Hy lief is om ons gebede te hoor en verhoor. Hy het gesê: *"Wanneer hy My om hulp vra, sal Ek hom help; Ek sal hom in enige krisis bystaan"* (Psalm 91:15 DB). Dit is die vreugde van gebed.

Ek het gelees van iemand wat al 'n tyd lank kerk toe gegaan het, maar nie sy hart vir die Here wou gee, of wou bid nie.

Eendag terwyl hy in die diens was, het iemand hom gevra waarom hy nie bid nie. Wil jy weet wat hy gesê het? Hy het gesê dat hy nie seker was dat mense antwoorde kry op hulle gebede, as hy so luister na hoe hulle bid nie!

Party kinders dink ook so. Hulle wonder waarom hulle moet bid, want hulle is nie seker of God hulle sal hoor nie.

Deur hierdie boek oor gebed sal jy verstaan waaroor gebed gaan en wat die voordele is daarvan om te bid. Jy sal leer hoe om uit jou hart te bid, die belangrikheid daarvan om Jesus se Naam te gebruik en baie meer.

Wanneer jy klaar hierdie boek gelees het, sal jy so baie oor gebed geleer het, dat dit een van jou gunsteling dinge sal wees om te doen!

Daar is aktiwiteite aan die einde van elke hoofstuk wat jou sal help om alles wat jy geleer het te onthou en toe te pas.

Lekker lees en God seën jou!

*Pastor Chris Oyakhilome*

Hoofstuk Een

# GOD IS 'n VADER

***"Is God regtig 'n Vader?"***

Sommige kinders weet nie hoe om met God om te gaan nie, want hulle weet nie wie Hy werklik is nie. Hulle dink dat God daar doer bo in die ruimte woon en daarom is dit moeilik om 'n verhouding met Hom te hê.



Iemand het eendag vir 'n jong seun gevra wat hy van God dink. "Wel, ek roep uit na God wanneer ek hulp nodig het met goed," het hy geantwoord. "Maar nie met my huiswerk nie, want my ma sê ek moet dit self doen."

Sien, God is nie net 'n God wat daar doer bo in die ruimte woon, of Een wat jy net roep wanneer jy hulp nodig het nie. Hy is 'n Vader en 'n Vriend; Een wat naby is en betroubaar is.

God het jou baie lief. Hy wag nie vir jou om iets verkeerd te doen sodat Hy jou kan straf nie. Hy is lief vir jou en wil hê jy moet dit weet. Sy liefde vir jou is groter as wat jy ooit kon droom.

En raai wat? Hy is so lief vir jou asof jy die enigste mens op aarde is. Hy het sy liefde vir jou gewys deur sy Seun, Jesus, te stuur om vir jou sonde te sterf en vir jou 'n splinternuwe lewe en aard te gee. Die Bybel sê:

***""God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"*** (Johannes 3:16).

Maak nie saak wat jy gedoen het nie, God se liefde vir jou is spesiaal en groter as die liefde van enige iemand anders. Jy kan dit nie vergelyk met jou pa, ma, of vriende se liefde vir jou nie. Hy sê in sy Woord:

***"...I've never quit loving you and never will. Expect love, love, and more love"*** (Jeremia 31:3 MSG).



So, God wil nie hê jy moet Hom soos 'n vreemdeling behandel nie, Hy wil 'n Pa wees vir jou. Hy wil 'n Pa-kind verhouding met jou hê. Maar vir God om jou Vader te wees, moet jy wedergebore wees. Hoe? Deur Jesus Christus as jou

Heer en Verlosser te ontvang.

***"…as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. 10Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered"*** (Romeine 10:9-10).

Bid die gebed hieronder hardop om Jesus as Heer van jou lewe te ontvang:

"Liewe Heer, ek glo met my hele hart in Jesus Christus, die Seun van die lewende God. Ek glo dat Hy vir my gesterf het en dat God Hom uit die dood opgewek het. Ek glo dat Hy vandag leef. Ek bely met my mond dat Jesus Christus, van vandag af, die Heer van my lewe is. Deur Hom en in sy Naam het ek die ewige lewe; ek is wedergebore. Dankie, Here, dat U my siel gered het! Ek is nou 'n kind van God. Halleluja!"

Baie geluk! Jy is nou 'n kind van God en 'n lid van God se familie!

God is opgewonde om jou as sy kind te hê en Hy wil hê jy moet 'n verhouding met Hom hê. Een fantastiese manier hoe jy met God kan omgaan, is deur gebed.

In die volgende hoofstukke, sal jy uitvind hoe om ryk gemeenskap met God te hê deur gebed.

# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. **God wil hê jy moet met Hom omgaan as______**
   A. 'n vreemdeling
   B. 'n grote God daar doer bo in die Hemel
   C. 'n Vader
   D. 'n onderwyser

2. **Volt~~ooi hierd~~ie sin: "Vir God om jou Vader te wees ______"**

   A. moet jy hard bid.

   B. moet jy wedergebore wees.

   C. moet jy kerk toe gaan.

   D. moet jy 'n Bybelnaam hê.

3. **Volgens die voorafgaande gedeelte, wanneer jy wedergebore word, word jy 'n lid van God se___**

   A. Huishouding B. Familie C. Skool D. Koor

4. **Voltooi hierdie Skrifgedeelte: "...As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het______ " (Romeine 10:9).**

   A. sal jy die Here ken. B. sal jy beter bid.
   C. sal jy hemel toe gaan. D. sal jy gered word.


Hoofstuk Twee

# WAT IS GEBED?

*"Is gebed nie maar net om God te vra vir als wat ek nodig het nie?"*



Het jy al ooit gedink oor wat presies gebed is? Party mense dink dis om God te vra vir wat hulle nodig het; ander sê dis 'n manier om God te kry om goed vir hulle te doen. Hulle sê goed soos: "Vader, ek het klere nodig," "Here, dis hoogtyd dat ek 'n nuwe paar skoene kry," Here, laat my ma my dieretuin toe vat" ensovoorts. Nee, nooit, gebed is veel meer as dit.



Beteken dit dat jy nie vir God kan vra vir dit wat jy nodig het nie? Nee, natuurlik kan jy. Om God vir iets te vra is deel van gebed, maar dit is nie al waaroor dit gaan nie.

Jou verhouding met jou pa of ma gaan tog nie net daaroor dat jy vir hulle vra vir goed wat jy wil hê, of vir hulle sê om goed vir jou te doen nie. Dis veel meer as dit. Daar is tye wanneer jy met jou pa of ma gesels oor jou vriende, jou gunsteling TV-programme, huiswerk, of die speletjies wat jy by die skool gespeel het. Net so wil God hê dat jy vry moet voel om jouself uit te druk en Hom van alles en nog wat vertel. Dis wat jy deur middel van gebed kan doen.



So, wat is gebed dan?

Gebed is gemeenskap met die Here en gemeenskap is 'n vriendelike verhouding tussen mense. Gedurende gebed ontwikkel jy 'n spesiale verhouding met die Here. Dis wanneer jy Hom vertel hoe lief jy Hom het, hoe jy voel, of wat jy op die hart het. Dis 'n oomblik wanneer jy 'n heerlike gesprek met die Here geniet. Dit beteken dis nie net jy wat praat nie. Hy praat ook met jou en jy luister na Hom.

So, gebed help jou om die Here beter te leer ken en versterk jou verhouding met Hom. Dit is sommige van die redes waarom gebed soveel pret is!



# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. Sommige mense dink gebed gaan net daaroor om ______
   - A. Vir God te vra vir wat hulle nodig het.
   - B. God so ver te kry om goed vir hulle te doen.
   - C. Vir God te vra om in hulle behoeftes te voorsien.
   - D. Al die bogenoemde.

2. Watter een is waar oor gebed?
   - A. Gebed is om God te kry om lief te wees vir jou.
   - B. Gebed is gemeenskap met die Here.
   - C. Gebed is om te kla by die Here.
   - D. Gebed is 'n steurnis vir die Here.

3. Gebed versterk jou verhouding met God.
   - A. Waar B. Vals C. Onseker D. Dit kan waar wees

4. Tye van gebed is spesiaal want ______
   - A. Jy kan by God kla oor dit waarvan jy nie hou nie.
   - B. Jy kan die Vader-kind-verhouding wat jy met die Here het geniet.
   - C. Jy kan die Here so ver kry om jou bevele uit te voer.
   - D. Jy kan eise stel en kry wat jy wil hê.

5. God wil hê jy moet vry wees om jouself uit te druk en Hom van alles en nog wat vertel.
   - A. Waar B. Vals

Hoofstuk Drie

# DIE HERE IS LIEF OM JOU TE HOOR BID

*"Hoe is dit moontlik dat God my kan hoor as baie mense gelyk tot Hom bid?"*



Sommige kinders dink dat hulle God sal pla as hulle bid. “Daar is baie mense regoor die wêreld wat gelyk tot God bid,” sê hulle. “Hoe op aarde kan Hy my hoor?”

Hulle dink God is besig om die wêreld se probleme op te los, of om aandag te gee aan lang lyste gebedsversoeke, daarom sal Hy nie tyd hê om hulle gebed te hoor nie. Dit is nie waar nie. Moenie sulke gedagtes in jou hart toelaat nie.



God kan baie dinge gelyk doen, want Hy is God. Hy kan met iemand praat wat ver weg is, in 'n ander deel van die wêreld en terselfdertyd ook na jou luister asof jy die enigste een is met wie Hy te doen het. So, sien jy, God is nooit te besig om jou te hoor nie.

Boonop weerhou God niks van jou net omdat iemand anders Hom vir dieselfde ding gevra het nie. Hy gee nie voorkeur aan iemand anders se gebed bo joune nie. God luister na jou asof jy die enigste een is wat bid. En omdat Hy luister, sal Hy ook antwoord! Sjoe, is dit nie pragtig nie!

So, hou in gedagte dat, elke keer as jy bid, die Here gewillig is en graag jou versoek wil toestaan. Dit is waarom Hy gesê het:

***"…Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees"*** (Johannes 16:24).

## AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. Watter een van hierdie stellings is korrek?

A. God kan jou nie hoor nie, want daar is baie mense wat gelyk tot Hom bid.
B. God is besig om die wêreld se probleme op te los.
C. God is te besig om aandag te gee aan die lang lyste gebedsversoeke.
D. God is nooit te besig om jou gebed te hoor nie.

2. God kan baie dinge gelyk doen, want Hy is God.

A. Waar B. Vals

3. Watter een van hierdie sinne is waar?

A. God gaan nie vir jou gee waarvoor jy vra as iemand anders ook daarvoor gevra het nie.

B. God gee jou nie waarvoor jy vra nie, want soms is dit nie maklik om iets by Hom te kry nie.
C. God het nie tyd om na almal se gebede te luister nie.
D. God hou niks van jou af weg net omdat iemand anders Hom vir dieselfde ding gevra het nie.

4. Hoe gaan God met jou om wanneer jy bid?

A. Hy behandel jou asof jy die enigste een is met wie Hy te doen het.
B. Hy gee eers aandag aan jou wanneer Hy klaar is met ander mense se versoeke.
C. Hy wil seker maak dat jy dit waarvoor jy vra werklik nodig het.
D. God wil hê jy moet so gou moontlik klaarkry met jou gebed.

5. Watter van die volgende is waar?

A. God luister, maar Hy mag dalk nie jou gebed hoor nie.
B. God luister NIE, so Hy sal jou nie hoor nie.
C. God sal jou hoor as jy jou gebed uitskree.
D. God luister altyd wanneer jy bid.

Hoofstuk Vier

# BID UIT JOU HART

*"Hoe kan ek uit my hart uit bid?"*



Party kinders word geleer om gebede op te sê. Hulle het selfs gebedsboekies waaruit hulle hierdie gebed aflees. Wanneer hulle klaar hulle gebed opgesê het, glo hulle dat hulle gebid het.

Om gebede op te sê, is om gebede te herhaal wat jy geleer het, of uit 'n boek, of by iemand anders. Dit is maklik vir jou gedagtes om te dwaal wanneer jy gebede opsê. As jy ryk gemeenskap met die Here wil hê, moet jy uit jou hart bid. Om uit jou hart te bid, maak jou gebede baie lekkerder en meer opwindend.



"Hoe bid ek uit my hart?" mag jy dalk vra.



Om uit jou hart te bid is om te fokus op dit waaroor jy bid. Sommige kinders se aandag word maklik afgetrek wanneer hulle bid. Wanneer jy bid is nie die tyd om te dink oor roomys, of speelgoed nie, dis ook nie die tyd vir videospeletjies, of om rond te kyk om te sien wat almal doen nie. Nee! Laat jou hart wees in dit waaroor jy bid, deur te konsentreer op dit waaroor jy bid.





Wanneer jy gefokus bly in gebed, sal dit maklik wees om by die Here te hoor en ook antwoorde te ontvang. Jy sal ontdek dat gebed nie 'n godsdienstige aktiwiteit is nie, maar 'n tyd van intieme gemeenskap met die Vader en Hy kan baie meer doen as wat jy Hom vra.

Geen wonder die Amplified Bible sê:

***"The earnest (heartfelt, continued) prayer of a righteous man makes tremendous power available ..."*** (Jakobus 5:16 AMPC).

Vir my is dit waarom gebed pret is, want ek ontvang altyd antwoorde wanneer ek bid. En terwyl ek bid praat die Here met my en gee my leiding in die dinge wat ek doen. Dis waarom ek baie suksesvol is in alles wat ek doen. Dit kan ook jou ervaring wees, as jy dit wat ek jou in hierdie boek leer ter harte neem.

# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. Wat beteken dit om uit jou hart te bid?
   Dit beteken ____________

   A. om hardop te bid.
   B. die "Onse Vader" op te sê.
   C. om die gebed wat in 'n boek neergeskryf is op te sê.
   D. om gefokus te bly op dit waaroor jy bid, sonder afleidings.

2. Wat moet jy doen wanneer jy uit jou hart uit bid?

   A. Jou gedagtes moet gefokus wees op wat jy sê.
   B. Jy moet jou oë oopmaak en kyk wat om jou aangaan.
   C. Jy moet die gebede wat jy uit 'n boek geleer het opsê.
   D. Jy moet dieselfde woorde oor en oor sê.


3. Wanneer jy uit jou hart bid______________

   A. sal dit maklik wees om by die Here te hoor.
   B. sal jou aandag maklik afgetrek word.
   C. sal dit maklik wees om vas te stel hoe lank jy al bid.
   D. sal jy gou moeg raak.

Hoofstuk Vyf

# JESUS SE NAAM

*"Maak Jesus se Naam regtig 'n verskil?"*



Gebed tot die Vader in Jesus se Naam is belangrik, want wanneer ons in Jesus se Naam bid, hoor God ons en antwoord Hy ons. Jy wonder dalk: “Hoekom moet ons in Jesus se Naam bid?”

Jesus se Naam is almagtig. Die krag daarin lê nie in die spelling of uitspraak daarvan nie; dit gaan nie eens oor hoe dit klink nie; dit gaan oor die Een wat daardie naam dra - JESUS.
Verbeel jou jou klasmaat kom na jou toe sê: “Die skoolhoof het gevra ek moet jou roep.”

Ek is seker jy sou dadelik gehardloop het om die skoolhoof te gaan sien. Jy sal so optree omdat jy sy gesag erken.

Jesus se Naam het gesag oor alles in die hemel, op aarde en onder die aarde. Dis waarom sy Naam almagtig is. Die Bybel verklaar dat Jesus se Naam groter is as alle ander name!

***“Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong***

***sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader"*** (Filippense 2:9-11).

Volgens die Bybel, in Handelinge 3:1-8, was Petrus en Johannes op pad na die Tempel om te bid, toe hulle 'n verlamde man sien bedel by die tempelpoort. Hierdie man het nog nooit in sy lewe geloop nie! Eerder as om vir hom geld te gee, het Petrus hom iets baie meer gegee as dit waarvoor hy gevra het. Petrus het vir die arme verlamde bedelaar gesê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"

Die man het dadelik opgespring en begin loop. Jesus se Naam het die verlamde man laat loop. Halleluja!

Jesus se Naam is so wonderlik! Jy kan ook daardie Naam gebruik en kry wat jy wil hê. Jy kan vir jou geliefdes bid, die siekes genees en duiwels uitdryf. Jy kan selfs vir die kinders in jou buurt en land bid om die Here te ken soos jy Hom ken en dit sal gebeur soos wat jy gevra het, eer aan God! So, elke keer as jy bid in Jesus se Naam kan jy volle vertroue hê dat God na jou luister, dat Hy hoor en jou gee wat jy Hom gevra het.

# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. Om jou gebede verhoor te kry________________
   - A. Moet jy in Jesus se Naam bid.
   - B. Moet jy hardop bid.
   - C. Hoef jy nie in Jesus se Naam te bid nie.
   - D. Moet jy in die naam van 'n engel bid.

2. Waaruit kom hierdie aanhaling: ***"Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader"***

   - A. Mattheus2:9-11
   - B. Filippense 2:9-11
   - C. Filippense 2:30-31
   - D. Kolossense 2:9-11

3. **Wie het met die bedelaar by die tempelpoort gepraat om hom te genees?**_________________________
   - A. Petrus en Paulus
   - B. Petrus en Johannes
   - C. Petrus
   - D. Paulus en Silas

Hoofstuk Ses

# DIE REGTE MANIER OM TE BID

*"Hoe moet ek bid en Jesus se Naam gebruik?"*



Weet jy daar's 'n regte manier om te bid? Party kinders bid, maar hulle sien nie die resultaat van hulle gebede nie. Hulle wonder: “Hoekom word my gebede nie beantwoord nie, maar as so-en-so bid kry hy/sy altyd wat hy/sy God voor vra?”

Die probleem met mense wat bid en nie antwoorde op hulle gebede kry nie is dat hulle verkeerd bid. Hulle weet nie wat die Woord oor gebed sê nie!

In hierdie hoofstuk gaan ek jou wys hoe om reg te bid sodat jy elke oomblik met die Here in gebed kan geniet en altyd antwoorde op jou gebede kan kry.

## 1. Bid in Jesus se Naam en nie deur Jesus nie

Daar's 'n groot verskil tussen bid ***in Jesus se Naam en bid deur Jesus.***

***Om deur Jesus te bid*** is soos om jou broer of suster te vra om namens jou met jou pa of ma te praat. Dit sal ongemaklik wees, want jy kan maklik na jou ouers toe gaan en self met hulle praat inplaas daarvan om iemand anders te vra om namens jou te praat.

Jy het direkte toegang tot die Vader; jy het dit gekry die oomblik toe jy wedergebore is, so jy hoef nie vir Jesus te

vra om namens jou tot die Vader te bid nie. Hy wil hê jy moet self met die Vader praat.

Voordat jy gered is kon jy nie by die Vader uitkom nie, behalwe deur Jesus. Want Jesus is die enigste weg tot die Vader. Jesus het gesê:

***"… Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie"*** (Johannes 14:6).

Nou dat jy wedergebore is, moet jy in Jesus se Naam tot die Vader bid.

***"…Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee***" (Johannes 16:23).

Wanneer jy in Jesus se Naam bid, gebruik jy eintlik die regte en mag wat daardie Naam inhou; dis asof Jesus self bid.

### 2. Bid tot die Vader en nie tot Jesus nie

Die oomblik toe jy wedergebore is, het Jesus jou "Ouboet" geword. So, Hy wil nie hê jy moet tot Hom bid nie, maar liewer tot die Vader in sy Naam.

Daar's niks fout daarmee om vir Jesus te sê hoe lief jy vir Hom is nie. Jy kan Hom selfs aanbid, loof en prys, of dankie sê vir als wat Hy vir jou gedoen het. Maar jy bid nie tot Hom nie. Jy bid tot die Vader in sy Naam. Dit sou verkeerd wees om te bid:

“Liewe Here Jesus, ek bid dat U my siek mamma gesond sal maak, in Jesus se Naam,” “Here Jesus, ek vra vir 'n nuwe skooltas, in Jesus se Naam,” “Liewe Here Jesus, ek bid vir my ouers, onderwysers en vriende in Jesus se Naam. Amen” ensovoorts.

Jesus wil nie hê jy moet tot Hom bid nie; Hy sê jy moet tot die Vader bid en sy Naam gebruik. Dis hoe jy die Vader se aandag trek. En omdat die Vader luister, sal Hy ook antwoord. So, wanneer jy bid moet jy hierdie eenvoudige instruksie volg wat Jesus gegee het:

***“…Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee***" (Johannes 16:23).

Ter opsomming, wanneer jy bid, moenie bid tot of deur Jesus nie, maar bid liewer tot die Vader in Jesus se Naam.

# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. **As kind van God is Jesus jou 'Ouboet.'**

   A. Ja B. Nee

2. **Wanneer jy in Jesus se Naam bid, gebruik jy eintlik die regte en mag van daardie Naam.**

   A. Waar
   B. Vals
   C. Onseker
   D. Al die bogenoemde

3. **Jesus wil nie hê jy moet tot Hom bid nie; Hy wil hê jy moet liewer tot die Vader bid, in sy Naam.**

   A. Waar B. Vals

**4. Watter Skrif sê: "...Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee"?**

A. Johannes 23:16
B. Johannes 6:23
C. Johannes 16:23
D. Johannes 16:2

**5. Die regte manier om te bid is__________**

A. tot die Vader in Jesus se Naam.
B. deur Jesus tot die Vader.
C. tot Jesus in Jesus se Naam.
D. tot die Vader in die naam van 'n engel.

Hoofstuk Sewe

# VERSKEIE SOORTE GEBEDE

***"Is daar verskeie soorte gebede?"***

Daar is verskeie soorte gebed in die Bybel. Kom ons kyk na net drie van hulle:

**1. Voorbidding**

Voorbidding is om namens iemand anders in gebed in te tree.

Sê nou maar, byvoorbeeld, jou onderwyseres kom by die klas in en sien dat die blompot op haar tafel gebreek is. Sy vra wie dit was en die hele klas wys na Tommy, een van jou klasmaats. Maar net voor sy hom begin uitskel, staan jy op en verduidelik dat hy per ongeluk die blompot gebreek het en pleit namens hom om vergifnis. Dit maak dat jou onderwyseres van plan verander. Jy het so pas namens Tommy ingetree.


So ook, wanneer jy vir iemand voorbidding doen, praat jy namens iemand anders met die Here. As God se kind is dit jou verantwoordelikheid om vir jou geliefdes, ouers, vriende, bure en ook vir jou land te bid.

Dit is 'n belangrike en kosbare verantwoordelikheid.

***"...Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, 2vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid"***
(1 Timotheus 2:1-2).

Daar is verskeie verhale in die Bybel van mense wat vir ander ingetree het. Een voorbeeld is Moses. Hy het vir die Israeliete ingetree as hulle gesondig het en die Here het hulle vergewe (Exodus 32:31-32). En ook die christene in Jerusalem wat vir Petrus gebid en hom van die dood gered het toe 'n engel hom uit die tronk gered het (Handelinge 12:3-11).

Daar is kinders in hospitale wat siek is, sommige is weeskinders en daar is ook ander wat nie mense het wat vir hulle sorg nie. Wanneer jy vir hulle voorbidding doen, maak jy dit moontlik vir God se wil om in hul




lewens te geskied.

## 2. Die Saamstem Gebed

Die saamstem gebed is wanneer twee of meer mense bymekaarkom om oor 'n spesifieke ding of mens te bid.

Die verhaal van Daniël en sy vriende in die Bybel is 'n goeie voorbeeld van die saamstem gebed.

Koning Nebukadnesar het 'n raaiselagtige droom



gehad; hy het al die wyse manne in sy koninkryk beveel om te sê wat hy gedroom het en sy droom vir hom uit te lê, maar geeneen van hulle kon nie. Dit het die koning baie kwaad gemaak en hy het opdrag gegee dat hulle almal tereggestel moet word. Maar toe Daniël van die koning se opdrag hoor, het hy sy drie vriende geroep en hulle het daaroor gebid en God het vir Daniël die droom gewys:

***"Toe is die geheim aan Daniël geopenbaar in 'n nagtelike visioen, en Daniël het die God van die hemel geprys"*** (Daniël 2:19).

Toe het die koning vir Daniël bevorder en hom president gemaak oor die hele provinsie van sy koninkryk en die hoofadministrateur oor al die wyse manne in die koninkryk van Babilon. Halleluja!

## 3. Die Dankgebed

Hierdie gebed sê eenvoudig dankie en loof en prys en aanbid die Here vir wat Hy vir jou, jou familie, vriende, kerk en land gedoen het.

Dawid was 'n man met 'n dankbare ingesteldheid en hy het baie só gebid.

***"Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing, Allerhoogste... U groot dade, Here, het my baie bly gemaak, ek wil juig oor wat U gedoen het"*** (Psalm 92:2,5).

Die Bybel vertel die verhaal van 'n melaatse man wat veel meer gekry het as wat hy verwag het, omdat hy dankbaar was. Eendag het Jesus by 'n dorpie gekom waar hy tien melaatses ontmoet en genees het. Hulle het almal weggegaan, behalwe een wat omgedraai het om vir Jesus dankie te sê en daarom is hy nie net genees nie, maar elke deel van sy liggaam wat deur die melaatsheid geaffekteer is, is heelgemaak (Lukas 17:11-19).

Om dankbaar te wees is 'n ingesteldheid wat jy moet aankweek. Wanneer jy dankbaar is, ontvang jy meer wonderwerke en seëninge by die Here.



Daarom moet jy die Here prys en laat jou dankie sê vandag 'n teken wees van jou dankbaarheid vir alles wat Hy vir jou gedoen het. Die Here verdien al jou lofprysing en bewondering.

# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. **Lys die drie soorte gebed wat in hierdie hoofstuk bespreek is. Die gebed van**

   I_________ ii_________ en iii __________

2. **Watter een van die volgende is waar oor Voorbidding?**

   A. Jou gebed tot die Here namens iemand anders.
   B. Jy bid net vir jouself.
   A. Nie een van die opsies is korrek nie.
   D. Al die bogenoemde.

3. **In die Saamstemgebed____________**

   A. Moet daar ten minste twee mense wees.
   B. Moet daar een persoon wees.
   C. Maak dit nie regtig saak as jy alleen is nie.
   D. Al die bogenoemde.

4. **Wat doen jy wanneer jy die Dankgebed bid?**

   A. Jy loof en prys God en aanbid Hom.
   B. Jy kla oor al die goed wat jy nie het nie.
   C. Jy bid teen die boelies in jou skool.
   D. Jy bid vir ander mense.

5. **Voltooi hierdie sin: "Wanneer jy dankbaar is, ontvang jy_________**

   A. meer wonderwerke en seëninge by die Here.
   B. meer krag om te bid.
   C. geskenke by jou ouers.
   D. nuwe idees terwyl jy studeer.

Hoofstuk 8

# GEBEDSPOSISIES

*"Moet ek kniel wanneer ek bid?"*

As ek jou sou vra om 'n posisie in te neem om te bid sou jy heel waarskynlik verkies om te kniel of te staan. Maar daar is ander gebedsposisies, byvoorbeeld om te sit, te lê en selfs jou hande op te lig.

Nou, die verskillende gebedsposisies sal nie verhoed dat God jou hoor nie, Maar wat belangrik is, is dat jy sal fokus op dit waaroor jy bid. So, of jy nou sit, staan, lê, of jou hande oplig, laat jou hart op die Here gefokus wees en Hy sal jou hoor en jou antwoord. Die Here sê:

***"When you pray, I will answer you. When you call to me, I will respond …"*** *(Jesaja 58:9 GNB).*


Daar is baie verskillende posisies wat jy in gebed kan inneem. Kom ons kyk na 'n paar van hulle.




**'n Knielende Posisie**
(Efesiërs 3:14)

## 'n Staande Posisie
(Markus 11:25)


## 'n Sittende Posisie
(2 Samuel 7:18)





**'n Lêende Posisie**
(Psalm 149:5)

**Hande opgelig**
(1 Timotheus 2:8)



# AKTIWITEITE

***Omkring die letter met die regte antwoord hieronder***

1. Sal jou gebedsposisie verhoed dat God jou gebed beantwoord?
   A. Ja, dit sal.
   B. Nee, dit sal nie.
   C. Dit kan dalk soms.
   D. Meestal sal dit nie.

2. Hoeveel posisies is in hierdie hoofstuk opgenoem?
   A. Vier B. Vyf C. Ses D. Sewe

3. Voltooi hierdie aanhaling uit Jesaja 58:9 (GNB), "When you pray, I will answer you. When you call to me________ "
   A. I will hear but will not answer.
   B. I will respond.
   C. I will not hear you.
   D. I will come to you.

4. Sonder om in jou boek te kyk, noem die verskillende gebedsposisies wat in die boek bespreek is.

5. Nou dat jy so baie oor gebed geleer het, wat is die nuwe dinge wat jy sal doen wanneer jy bid? Lys hulle hieronder:

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

Hoofstuk Nege

# — GEBEDSVOORBEELDE VIR JOU —

*"Dis tyd om te bid."*

Nou dat jy geleer het hoe om te bid moet jy dit wat jy geleer het dadelik toepas. Dit is nou jou oomblik en die Here is gretig om jou te hoor bid. In Jeremia 33:3 (GNB), sê Hy vir jou:

"Call to me, and I will answer you;



I will tell you wonderful and marvelous things that you know nothing about."

Hieronder is gebedsvoorbeelde wat jou sal lei en help om die regte woorde te vorm wanneer jy bid:

**'n Gebedsvoorbeeld vir Jou**

***Liewe Vader, dankie vir u Woord wat ek deur hierdie boek ontvang het. Ek het dit met blydskap en geloof ontvang. Ek is versterk om alles wat ek geleer het toe te pas. Ek verklaar dat, soos wat ek die Woord toepas, dit die regte resultate in my produseer, in Jesus se Naam.***

***Dankie, Here dat U my seën. Ek is geseënd in my gees, siel en liggaam. Ek is geseënd in my kom en gaan. Ek het gesonde verstand, ek leef in uitmuntendheid, sukses en oorwinning. Ek floreer in alles wat ek doen, in Jesus se Naam.***

***Dankie, Here vir u wysheid wat in my werk en my reg laat dink, praat en optree. Ek leef in genade, want die kennis van God se Woord het toegeneem in my lewe. Ek lei 'n lewe van guns. Ek leef in die seëning en heerlikheid van die Here, in Jesus se Naam. Amen.***

## 'n Gebedsvoorbeeld vir Voorbidding vir Jou Land

*Liewe Here, dankie dat U my gebede vir my land onder my aandag gebring het. Ek bid dat u genade deurlopend in ons land sal heers en dat U ons leiers die genade sal gun om ons wonderlike nasie op die regte manier en in die rigting van u wil te lei. Ek bid dat U hulle die moed sal gee om ons sake te regeer in reg en geregtigheid, sodat die burgers hul lewens godvresend en eerbiedig kan lei, in Jesus se Naam.*

*Ek verklaar dat die evangelie vrye teuels het regoor ons land en dat die Woord van God magtig groei en toeneem en oral heers. Ek bid dat u kinders die vrymoedigheid sal hê om op te staan vir die Woord en dit met groot mag en genade sal verkondig regoor hierdie land en dat siele daagliks vir die Koninkryk gewen sal word, in Jesus se Naam.*

*Ek bestraf elke gees wat geweld en verwoesting in ons families, stede en provinsies probeer veroorsaak. Ek vereis dat hulle hul planne en dade stopsit binne ons grense, in Jesus se Naam.*

*Ek verklaar dat die lofprysing van God en die kennis van God se Woord oraloor die land opskiet en dat die evangelie floreer tot die uithoeke van die aarde, in Jesus se Naam.*

## 'n Gebedsvoorbeeld vir Saamstem

*Liewe Vader, u Woord sê: 'As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.' Dankie, vir die voorreg om in akkoord met ander gelowiges te bid.*

*Ons bid vir ons mede christene regoor die wêreld, dat hulle geloof in die Here versterk sal word sodat hulle meer en meer in genade en in die kennis van ons Here Jesus Christus sal toeneem.*

*Ons bid namens diegene wat vervolg word vir die evangelie se onthalwe en vir die wat onreg ly dat hulle versterk sal word deur die krag van die Heilige Gees.*

*Ons bid vir die wat siek is en in die hospitaal is. Ons verklaar dat hulle genees is en weer gesond word. Ons stem saam dat hulle toestande*

*omgekeer word, ten goede, om aan u Woord te voldoen, in Jesus se Naam.*

Ons staan die werke van die Duiwel in ons families, skole en lande teen en verklaar dat hulle omvêrgewerp word, in die magtige Naam van Jesus. Amen.

## ‘n Dankgebed Voorbeeld

*Liewe Vader, ek aanbid U vandag, want U alleen is glorieryk en waardig om geprys en geëer te word. U is die geneser, voorsiener en verskaffer van alle goeie dinge. U Naam is groot en u heerskappy is ewig. U liefde, genade en medelye vul die aarde! U is verheerlik in my lewe en regoor die aarde, in Jesus se Naam.*

*Dankie, dat U my in 'n lewe van deurlopende oorwinning ingebring het! Ek aanbid U vandag uit die diepte van my hart vir u liefde, goedertierenheid, genade en barmhartigheid! Groot is u werke in my lewe en wonderbaarlik is u weë. U is my lig en my verlossing; U is die krag van my lewe.*

*Ek dank U en loof en prys U, want U het my lewe beeldskoon gemaak. Ek is uitstekend, gesond, slim en geseënd en begunstig. En deur U sal ek nog groter dinge doen en seëvier, Halleluja!*

**Ek vier u Woord wat werk in my. Ek verbly my dat U my die ewige lewe gegee het. Ek juig oor die Naam van Jesus; die Naam bo alle name. My gees is elke dag oop om lofprysing aan U te offer, die vrug van my lippe; ek sê dankie en eer u Naam vir ewig en ewig, in Jesus se Naam. Amen.**

Dit is 'n goeie begin, maar onthou dis net 'n begin. Soos jy God se Woord bestudeer sal jy vind dat jou woordkeuse deurlopend sal verbeter. ***Die Rapsodie van Realiteite vir 'Early Readers***' is goeie materiaal om te gebruik in jou persoonlike, daaglikse Bybelstudie. Dit bevat inspirerende boodskappe, geloofgevulde verklarings en gebed wat jou sal help om ryk gemeenskap met die Here te hê.

Nou kan jy 'n ewig vreugdevolle en oorwinnende lewe in Christus geniet, terwyl jy op die regte manier bid.

# AKTIWITEITE

Maak nou hierdie geloofgevulde verklarings:

**Ek is 'n kampioen in die lewe. Ek is begunstig en oorwinnend. Ek maak vordering, ek gaan vooruit en styg uit in die lewe, in Jesus se Naam.**

**Ek's 'n sukses. Ek is uitstekend in als wat ek doen, want ek het 'n uitstekende gees.**

**Die wysheid van God werk kragtig in my, daarom sal ek nooit die pad byster raak nie. Die kennis van God neem toe in my lewe en ek groei in genade!**

**Groter is Hy wat in my is as hy wat in die wêreld is. Ek is 'n oorwinnaar. Ek is meer as 'n oorwinnaar.**

**Die heerlikheid van God het oor my opgegaan. God leef in my, daarom is ek versterk, verlewendig, met krag, vermoë en mag belaai.**

**My toekoms is blink en glorieryk, ek kan nie misluk of verslaan word nie. Ek is superbegunstig. Ek leef in oorvloed, want ek is God se kind. Halleluja!**